**PASIËNTINLIGTINGSBLAD**

OptiZinc™

Catalyst Health

KOMPLEMENTÊRE MEDISYNE – GESONDHEIDSAANVULLING
Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie vir gehalte, veiligheid of beoogde gebruik deur SAHPRA geëvalueer nie.

**SKEDULERINGSTATUS:** S0
**HANDELSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM:**
**Catalyst Vitamin C with OptiZinc** kapsule

Lees hierdie hele inligtingsblad aandagtig deur want dit bevat inligting wat belangrik is vir jou:

- Hou hierdie inligtingsblad. Dit mag nodig wees dat jy dit weer lees.
- Moenie jou **Catalyst Vitamin C with OptiZinc** met enigiemand anders deel nie.
- Vra gerus jou apteker indien jy verdere inligting of advies nodig het.

**1. WAT CATALYST VITAMIN C WITH OPTIZINC BEVAT:**

| Die aktiewe bestanddele is: | Per kapsule | Per dosis |
|---|---|---|
| L-Askorbiensuur (Vitamien C) | 500 mg | 1000 mg |
| OptiZinc 100 mg (verskaf elementêre sink) | 10 mg | 20 mg |
| Cholekalsiferol (Vitamien D3) | 12,5 µg | 25 µg |

Die ander bestanddele is mikrokristallyne sellulose MCC.
Suikervry.

**2. WAARVOOR CATALYST VITAMIN C WITH OPTIZINC GEBRUIK WORD:**
**Catalyst Vitamin C with OptiZinc** help deur die liggaam se immuunstelsel te versterk, om infeksies soos verkoue en griep te help beveg. **Catalyst Vitamin C with OptiZinc** is 'n antioksidant en bevorder fisiese welstand.

**3. VOORDAT JY CATALYST VITAMIN C WITH OPTIZINC NEEM**
Moenie **Catalyst Vitamin C with OptiZinc** neem nie:

- Indien jy hipersensitief (allergies) is vir vitamien C, sink, vitamien D of vir enige van die ander bestanddele (sien **Wat Catalyst Vitamin C with OptiZinc bevat**).
- Indien jy nierstene of ander nierprobleme het.
- Indien jy 'n maagseer het.
- Indien jy tuberkulose (TB) het.
- Indien jy aan meervoudige sklerose ly.
- Indien jy aangebore bloedafwykings het.
- Indien jy 'n hartsiekte het.

**Neem spesiale sorg met Catalyst Vitamin C with OptiZinc:**
Indien jou algemene gesondheid agteruitgaan terwyl jy **Catalyst Vitamin C with OptiZinc** neem, raadpleeg asseblief jou gesondheidsorgpraktisyn.

**Swangerskap en borsvoeding**
Dit is nie bepaal of **Catalyst Vitamin C with OptiZinc** veilig is om tydens swangerskap en borsvoeding te gebruik nie.
Indien jy swanger is of jou baba borsvoed, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgpraktisyn voordat jy **Catalyst Vitamin C with OptiZinc** neem.

**Bestuur en die gebruik van masjinerie**
Daar word nie verwag dat **Catalyst Vitamin C with OptiZinc** sal inmeng met jou vermoë om te bestuur of masjiene te gebruik nie, jy moet egter versigtig wees as jy take uitvoer totdat jy weet hoe **Catalyst Vitamin C with OptiZinc** jou beïnvloed.

**Neem van ander medisyne saam met Catalyst Vitamin C with OptiZinc**
Jy moet altyd vir jou gesondheidsorgverskaffer sê indien jy enige ander medisyne neem (dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in).
Gelyktydige gebruik van **Catalyst Vitamin C with OptiZinc** mag die volgende medisyne beïnvloed: infusies van fosfate, kardiale glikosiede en tiasied-diuretika.

**HOE OM CATALYST VITAMIN C WITH OPTIZINC TE NEEM**
Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.
Die gebruiklike dosis is 2 (twee) kapsules daagliks, of soos deur jou gesondheidsorgpraktisyn aangedui. Moenie die aanbevole dosis oorskry nie.
**Catalyst Vitamin C with OptiZinc** is vir volwassenes en kinders ouer as 12 jaar.

**Indien jy meer Catalyst Vitamin C with OptiZinc neem as wat jy moet:**
In geval van oordosering, moet jy jou dokter of apteker raadpleeg. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.

**Indien jy vergeet om 'n dosis Catalyst Vitamin C with OptiZinc te neem:**
Moenie 'n dubbele dosis neem om op te maak vir vergete individuele dosisse nie.

**4. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE:**
**Catalyst Vitamin C with OptiZinc** mag newe-effekte hê. Nie alle newe-effekte wat vir **Catalyst Vitamin C with OptiZinc** gerapporteer is, word in hierdie inligtingsblad ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid verswak of indien jy enige ongunstige effekte ondervind terwyl jy **Catalyst Vitamin C with OptiZinc** neem, kontak asseblief jou dokter, apteker of gesondheidsorgpraktisyn vir advies.

Indien enige van die volgende gebeur, hou op om **Catalyst Vitamin C with OptiZinc** te neem en sê onmiddellik vir jou dokter of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:

- Swelling van jou hande, voete, enkels, gesig, lippe, mond of keel, wat probleme met sluk of asemhaling kan veroorsaak.
- Uitslag of gejeuk.

Hierdie is baie ernstige newe-effekte. Jy mag dringende mediese bystand of hospitalisasie benodig.

**Sê vir jou dokter indien jy enige van die volgende opmerk:**

- Maagprobleme, soos naarheid, braking, diarree en maagpyn.
- Duiseligheid, lomerigheid en hoofpyn.

Indien jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie inligtingsblad genoem word nie, lig asseblief jou dokter of apteker in.

**5. BERGING EN WEGDOENING VAN CATALYST VITAMIN C WITH OPTIZINC**
Bêre by of onder 25 °C. Beskerm teen lig en vog.
Bêre jou kapsules in die oorspronklike houer en hou styf toe.
Moenie ná die vervaldatum gebruik nie.
Neem alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker.
Moenie ongebruikte medisyne in dreine of rioolstelsels weggooi nie.
HOU ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.

**6. AANBIEDING**
Amberkleurige HDPE-houer met 'n etiket en wit afwip-deksel, wat 30 kapsules bevat.

**7. IDENTIFIKASIE VAN OPTIZINC**
Wit plantaardige kapsules.

**8. REGISTRASIENOMMER**
Sal met registrasie deur SAHPRA toegeken word.

**9. NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT**
LeBasi Pharmaceuticals (Edms.) Bpk.
San Domenico-gebou, Eenheid 6, Kerkstraat 10, Durbanville 7550
Tel: 087 551 2972

**10. DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE INLIGTINGSBLAD:** Julie 2020